



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESSERING (GTA)
GRAAD 9 – 2008**

WISKUNDE

LEERDERBOEK

AFDELING A

KONTEKS:

Voorbereidings vir die ontvangs van gaste vir
die 2010 Sokker Wêreldbeker.

Bly op hoogte met die jongste nuus.

Voorgestelde Tyd: 5 uur

150 punte

Aantal bladsye: 21

INHOUDSOPGAWE

		LU	TYD (minute)	Punte	Bladsy
TAAK 1	VERBETERINGE AAN DIE HUIS				
Aktiwiteit 1	Area, Meting; Getalle	LU 1; LU 2; LU 3; LU 4	40 min	28	3 – 5
Aktiwiteit 2	Transformasies	LU 1; LU 3	30 min	18	6 – 7
Aktiwiteit 3	Datahantering	LU 1; LU 5	25 min	11	8
TAAK 2	FONDSINSAMELING				
Aktiwiteit 1	Winsneming	LU 1; LU 2	30 min	16	9
Aktiwiteit 2	Verkoop van muffins	LU 1; LU 2	80 min	33	10 – 11
TAAK 3					
Aktiwiteit 1	Matriekuitslae 2006/2007	LU 5	35 min	16	12
Aktiwiteit 2	Sokkernuus	LU 1; LU 2; LU 5	30 min	14	13 – 14
Aktiwiteit 3	Misleidende Inligting	LU 5	10 min	4	15
Aktiwiteit 4	Waarskynlikheid	LU 1; LU 5	15 min	10	16
Aanhangsels	TAAK 1 Aktiwiteit 2.1 Aanhangsel A Aktiwiteit 2.2 Aanhangsel B TAAK 2 Aktiwiteit 2.4 Aanhangsel C TAAK 3 Aktiwiteit 1.5 Aanhangsel D Aktiwiteit 4.1 Aanhangsel E				17 17 18 18 19 19 20 20 21 21
			TOTAAL	150	

TAAK 1

MEETKUNDIGE VORMS
OMSKAKELINGS
TRANSFORMASIES
PYTHAGORAS

SKAALTEKENINGE
AREA EN VOLUME
GELYKVORMIGHEID
GELD

DATAHANTERING
METING
VERHOUDINGS




AKTIWITEIT 1**VERBETERINGE AAN 'N HUIS VIR TOERISTE IN 2010****Werk in pare****Aanbevole tyd: 40 minute**

'n Graad 9-tiener, genaamd Sam, stem in om hul bejaarde buurman, Mnr Letswalo, te help om die vloer van sy huis te verbeter. Mnr Letswalo wil graag die spaarkamer van sy huis gedurende die Wêreldbeker vir sokker in 2010 verhuur, om sodoende geld in te samel om sy jongste dogter universiteit toe te kan stuur in 2011.



Hy wil die ou vinielvloer van die kombuis, leefvertrek en spaarkamer vervang. Hy moet kies tussen **vinielrolle** of **pakke vinielteëls**.

Mnr Letswalo gee vir Sam rowwe sketse van elke vertrek waarin hy wil werk. Die sketse is nie volgens skaal geteken nie.


VLOERPLAN: LEEFVERTREK**VLOERPLAN: SPAARKAMER****VLOERPLAN: KOMBUIS**

Beantwoord die volgende vrae. Gebruik die inligting soos op die vorige bladsy gegee.

- 1.1 Identifiseer 4 verskillende meetkundige figure op die onderskeie vloerplanne. (4)
- 1.2 Doen die volgende omskakelings:
- 1.2.1 3200 millimeter na meter (1)
- 1.2.2 0,25 meter na millimeter (1)
- 1.3 Bereken die oppervlakte (area) van die vloer van die volgende vertrekke. Gee jou antwoorde in **vierkante meter**:
- 1.3.1 kombuis (3)
- 1.3.2 spaarkamer en stoep (3)
- 1.4 Bereken die oppervlakte van die vloer van die leefvertrek. Gee jou antwoord in vierkante sentimeter. (3)
- 1.5 Mnr Letswalo het die volgende pryse gekry vanaf die verskaffer:



VINIETTEËLS	@ R19.99 PER PAK (bedek 2 m^2)
JUMBO VINIELROLLE	@ R69.99 PER ROL ($2 \text{ m} \times 5 \text{ m}$)



- 1.5.1 Hoeveel pakke vinielteëls moet hy koop om die leefvertrek se vloer te kan bedek? (1)
- 1.5.2 Hoeveel van die Jumbo vinielrolle gaan hy nodig hê vir **dieselfde** vertrek? (1)
- 1.6 Mnr Letswalo moet nou besluit of hy die **vinielrolle** of die **vinielteëls** gaan gebruik om die leefvertrek se vloer te bedek. Watter advies sal jy aan Mnr Letswalo gee? Vergelyk die volgende in jou antwoord:
- Die koste van die twee opsies
 - Die afmetings van die rolle en die teëls asook hoe gemaklik dit die vloeroppervlak sal bedek
- (3)

- 1.7 Mnr Letswalo wil graag ook ontslae raak van insekte (kakkerlakke en vlooië) met 'n sproei genaamd **Doom Fogger**. Hy lees dat een blik genoeg is vir 'n volume van 80 kubieke meter (80 m^3).




- 1.7.1 Indien die kombuismure 2,4 meter hoog is, bereken die volume **korrek tot die naaste kubieke meter**.

(3)

- 1.7.2 Hoeveel blikke gaan hy nodig hê vir sy huis, indien die huis se totale volume gelyk is aan 12 keer die volume van die kombuis?
(Gebruik jou antwoord in 1.7.1)

(2)

- 1.8 Mnr Letswalo gebruik die driehoekige gedeelte (EDF) van sy kombuis as kookarea. Die lengte van sy DF is 1,5 m. Bereken die lengte van sy EF (die skuinssy) van die driehoek (korrek tot 1 desimale plek).




(3)

[28]


AKTIWITEIT 2 TRANSFORMASIES**Individuele oefening****Aanbevole tyd: 30 minute**

- 2.1 Gebruik die eerste bladsy met blokkiespapier aan jou verskaf (**Aanhangsel A**), en **teken** die leefvertrek se vloer **volgens skaal**. Laat die lengte van elke blokkie 0,2 meter verteenwoordig. (2)
- 2.2 Bestudeer die figuur op die Cartesiese vlak hieronder. Voltooi vraag 2.2 op die tweede bladsy met blokkiespapier aan jou verskaf (**Aanhangsel B**).
- 2.2.1 Indien die koördinate van punt S(2 ; 2) is, skryf die koördinate van punte P, Q en R neer. (3)
- 2.2.2 Reflekteer figuur PQRS **om die y-as**. Gebruik die simbole P' ; Q' ; R' en S' om die hoekpunte van die spieëlbeeld van PQRS te benoem. (4)
- 2.2.3 Roteer nou die **gereflekteerde figuur** ($P'Q'R'S'$) 90 grade, antikloksgewys. Gebruik die oorsprong (0 ; 0) as middelpunt van die rotasie. Benoem die hoekpunte van die geroteerde figuur toepaslik. (4)

(Jy mag gebruik maak van deurslagpapier om jou te help.)

2.3 Mnr Letswalo het die volgende foto van sy gunsteling sokkerspan, **Bafana Bafana**.


Bafana Bafana
foto



2.3.1 Hy wil graag die foto 4 keer vergroot. Bereken die afmetings van die vergroting.

(2)

2.3.2 Hy sal ook graag die foto wil verklein om in 'n klein sleutelhouer te pas. Die verkleinde foto het 'n totale area van 9 cm^2 .



Bepaal die verskalingsfaktor van die verkleinde foto.

(3)

[18]

AKTIWITEIT 3**SKAKINGSTATISTIEK****Individuele oefening****Aanbevole tyd: 25 minute**


Sam het die volgende artikel (geskryf deur John Gumede) op bladsy 19 van die Desember 2007 uitgawe van **BONA** ('n plaaslike tydskrif) gelees. Lees dit versigtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

BESKERM JOUSELF TEEN KAPERS

y Hoeveel moet nog doodgaan?

Volgens die uitslag van 'n jaarlange ondersoek soos gepubliseer in Oktober 2005, vind 52% van skakings plaas voor residensiële eiendom, 10% gebeur terwyl mense in hul geparkeerde motors sit, 7% by verkeersligte, 5% vind plaas by 'n besigheidsperseel en in 4% van die gevalle word die motors van die pad af gedwing.

Lucky Dube was Suid Afrika se Mnr Reggae. Hierdie energieke kunstenaar was verantwoordelik vir treffer soos, *Prisoner*, *Slave Taxman* en *Together As One*, liedjies wat kitstreffer was onder die onderdrukte en minderbevoorregtes. Met sy dood het hy net nog 'n stukkie statistiek geword. Net nog 'n syfer opgefrommel en fyngemaak deur misdadigers vir wie 'n menselewe niks beteken nie.



**RIP Lucky Dube – net nog
'n stukkie statistiek?**

- 3.1 Tel die persentasies in die artikel bymekaar. (1)
- 3.2 Bereken nou die persentasie skakings waaroor daar nie geskryf is in die bogenoemde artikel nie. (1)
- 3.3 Teken nou 'n staafgrafiek om aan te dui waar skakings plaasvind. (Gebruik al persentasie data.) Gee jou grafiek 'n toepaslike opskrif en benoem die asse duidelik. (6)
- 3.4 Watter tipe skaking vind die meeste plaas? (1)
- 3.5 Mnr Letswalo kom gereeld laat by die huis na werk. Sam het 'n kort nota aan hom geskryf om hom te waarsku. Wat dink jy het Sam in sy nota geskryf? Skryf net so 2 – 4 lyne. (2)

TAAK 2



DATAHANTERING
AFRONDING
GRAFIEKE

BEWERKINGS
FORMULES
PERSENTASIES

GELD

AKTIWITEIT 1

DIE MAAK VAN WINS

Werk in pare

Aanbevole tyd: 30 minute



Mnr Letswalo se vrou bied aan om 'n ete voor te berei vir 51 predikante. Sy beoog om die wins wat sy daarmee maak te gebruik om die verbeteringe aan haar huis te help betaal. Sy besluit om 'n vis en pasta gereg te maak deur die *Glenryck Pilchard Lasagne*-resep hier onder te gebruik:

Die resep is vir 6 mense:

RESEP: GLENRYCK SARDIENLASAGNE

HOOF-DIS:

250 g Pasta
125 g vars sampioene
2 teelepels fyngemaakte knoffel
2 uie geskil en gekap
50 ml margarien
5 ml gemengde speserye
Sout en peper na smaak
1 x 410 g blik tamaties
1 x 420 g blik Glenryck Sardiens in Tamatiesous



SOUS

50 ml margarien
50 ml meel
200 ml melk
Sout en peper na smaak
350 g gerasperde kaas



1.1 Doen die volgende omskakelings:

1.1.1 250 g na kilogram (1)

1.1.2 200 ml na liter (1)

1.2 Die resep is vir 6 mense en moet aangepas word vir 51 mense. Bereken hoeveel:

1.2.1 blikke Sardiens sy moet koop. (3)

1.2.2 kilogram pasta sy moet koop. (3)

1.3 Indien die sampioene teen R10,99 per kilogram in die winkel verkoop, hoeveel sal 125 g sampioene kos? Rond jou antwoord af tot die naaste sent. (3)

1.4 Indien die koste vir 6 mense R50 beloop, bepaal wat die koste vir 51 mense sal wees. (3)

1.5 As die kerk Lola die kosprys plus 50% ekstra betaal vir die ete, bepaal wat haar wins sal wees. Gebruik jou antwoord in (1.4) om die wins te bepaal. (2)

AKTIWITEIT 2 DIE VERKOOP VAN MUFFINS

Werk in kleiner groepe

Aanbevole tyd: 80 minute

Susan is 'n groot sokkerondersteuner. Sy stuur 'n vraelys in die gemeenskap uit om uit te vind of dit die moeite werd sal wees om fondse in te samel vir die aankoop van 'n grootskerm TV vir die gemeenskapsaal sodat families wat nie 'n TV het nie die FIFA Wêreldbekersokker in 2010 sal kan kyk.

Susan en 4 klasmaats beplan om elke week muffins (koek) te verkoop totdat hulle genoeg geld ingesamel het om 'n PANASONIC TV met 'n 74 cm skerm, wat **R2 299** kos, te kan koop. (Makro-advertensie – 8 Januarie 2008).



2.1 Skryf een moontlike vraag neer wat Susan in haar vraelys kon gebruik. (Lees op oor hoe vraelyste saamgestel word.) (1)

2.2 Maak 'n skets van die TV en trek 'n lyn om aan te dui wat jy verstaan met die woorde 'n 74 cm skerm'. (1)

2.3 Susan vind 'n resep vir Kersiemuffins. Dit kos R43,75 om 25 muffins te bak. Bereken die koste per muffin. (2)

2.4 Susan en haar maats beplan om elke week 50 muffins te verkoop.

2.4.1 Trek die volgende tabel oor en voltooi die tabel: (3)



AANTAL WEKE	x	1	2	4	10	40
TOTALE AANTAL MUFFINS	y	50			500	

2.4.2 Skryf 'n vergelyking neer om die verhouding tussen x en y aan te toon. (2)

2.4.3 Is hierdie 'n voorbeeld van direkte of indirekte eweredigheid? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

2.4.4 Maak gebruik van die assestelsel wat verskaf is (**Aanhangsel C**) en teken 'n grafiek om die verhouding tussen x en y soos op jou tabel in 2.4.1 aan te dui. Maak gebruik van 'n geskikte skaal. (4)

2.4.5 **Gebruik nou jou grafiek** om te bepaal hoeveel muffins behoort verkoop te wees teen die einde van die 25^{ste} week. Merk met 'n A waar jy hierdie antwoord op jou grafiek aflees. (2)


2.5 Hoeveel muffins sal hulle moet verkoop om die TV te kan bekostig, indien hulle besluit om die muffins vir 50 sent meer as kosprys te verkoop? (2)

2.6 Hoeveel sal dit hulle kos om die aantal muffins in jou antwoord in 2.5 te maak? (2)

- 2.7 Susan en haar 4 maats stem in dat hulle beurte sal maak om die muffins te verkoop. Elke week sal een van hulle 50 muffins bak en verkoop.
- 2.7.1 Hoe lank sal dit hulle neem om genoeg geld te hê om die TV te kan koop? (2)
- 2.7.2 Hoeveel keer sal elke lid van die span nodig hê om 50 muffins te bak en te verkoop? (2)
- 2.8 Ontwerp 'n plakkaat waarop hulle hul winsgewende plan kan adverteer. Gebruik 'n A4-bladsy en die advertensie moet aan die volgende kriteria voldoen:
- Dit moet die datum asook die plek waar die muffins verkoop sal word aandui. (2)
 - Die prys moet aangedui word, asook besonderhede van hoe om die muffins te bestel of aan te koop. (2)
 - Gee 'n kort beskrywing van hoekom daar geld ingesamel word. Jy behoort 'n prentjie van muffins en 'n TV in te sluit. (2)
 - Jou advertensie moet maklik lees en verstaanbaar wees. Dit moet die oog vang. (2)

TAAK 3**DATAHANTERING****FORMULES****WISSELKOERS****AKTIWITEIT 1****MATRIEKUITSLAE 2006/ 2007****Werk in pare****Aanbevole tyd: 35 minute**

Mnr en mev Letswalo, wat in Mpumalanga woon, wonder hoe goed hul dogter, Maria, sal vaar wanneer sy haar Graad 12-eksamen in 2010 skryf. Hulle kyk weer na die uitslae van 2007 soos gepubliseer in 'n plaaslike koerant, *THE WITNESS*, op 28 Desember 2007. Ongelukkig het daar koffie op die koerant gemors, en is dit moeilik om sekere van die inligting te lees.

**HARDE WERK IS WAT NODIG IS.****Tabel wat die slaagsyfers, per provinsie, in 2006 en 2007 aandui.**

	Provinsie	2006			2007		
		Aantal kandidate	Aantal geslaag	% geslaag	Aantal kandidate	Aantal geslaag	% geslaag
1	Oos Kaap	69 561	41 268	?	69 158	39 358	56,9
2	Vrystaat	29 884	21 580	72,2	30 559	21 522	70,4
3	Gauteng	73 216	57 355	78,3	84 822	63 287	74,6
4	Kwazulu-Natal	125 777	82 460	65,6	148 093	94 421	63,8
5	Limpopo	105 775	58 850	55,6	96 490	55 850	57,9
6	Mpumalanga	39 040	?	65,3	51 787	31 449	60,7
7	Noordwes	37 953	25 440	67,0	31 786	21 372	67,2
8	Noord Kaap	7 495	5 753	76,8	10 158	7 141	70,3
9	Wes Kaap	?	33 316	83,7	41 922	33 787	80,6

Bestudeer die neigings in die Matriekuitslae (%) vir 2007, deur die volgende te bepaal:

- 1.1 Die persentasie slaagsyfer in die Oos Kaap (2)
- 1.2 Die aantal kandidate geslaag in Mpumalanga (2)
- 1.3 Die gemiddelde persentasie slaagsyfer in 2006 en 2007 (tot die naaste persentasie). (3)
- 1.4 In 2007 het 31 449 kandidate in Mpumalanga geslaag, terwyl daar in die Vrystaat, 21 522 kandidate geslaag het. Waarom is die persentasie in Mpumalanga laer, al het daar meer kandidate as in die Vrystaat geslaag? (1)
- 1.5 Gebruik die grafiekpapier voorsien (**Aanhangsel D**) en teken 'n spreidingsdiagram om die verhouding tussen die % slaagsyfer in 2006 en 2007 vir elke provinsie aan te dui. (Die persentasies kan afgerond word tot die naaste persent vir hierdie oefening.) (4)
- 1.6 Wat kan jy uit die spreidingsdiagram aflei? (1)
- 1.7 Deur van jou antwoorde van 1.1 tot 1.6 hierbo gebruik te maak, bepaal of dit moontlik is om te voorspel wat die slaagsyfer in Mpumalanga en die res van Suid-Afrika in 2010 gaan wees. Gee jou bevinding in die vorm van 'n kort verslag. (3)

AKTIWITEIT 2 SOKKERNUUS: PROFESSIONELE SOKKERLIGA (PSL)**Groepoefening****Aanbevole tyd: 30 minute**

Bestudeer die volgende sokkerstatistieke, geneem uit die *SUNDAY TIMES* op 9 Desember 2007, en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Key:	S	- wedstryde gespeel	SK	- Sokkerklub
	W	- wedstryde gewen	V	- Wedstryde verloor
	G	- wedstryde gelykop (dieselfde telling)	D	- Doele aangeteken
	T	- Doele teen die span aangeteken	P	- punte



	Klub	S	W	G	V	D	T	P
1	Ajax Cape Town	12	7	3	2	17	8	24
2	Free State Stars	11	6	3	2	16	10	21
3	Pirates	12	6	1	5	18	15	19
4	Arrows	12	5	4	3	13	11	19
5	Wits	12	5	4	3	13	14	19
6	Supersport United	12	5	3	4	12	11	18
7	Bloem Celtic	11	5	2	4	9	10	17
8	Amazulu	11	4	3	4	9	9	15
9	Sundowns	12	3	5	4	16	16	14
10	Swallows	11	3	4	4	10	15	13
11	Chiefs	11	2	6	3	10	8	12
12	Leopards	11	4	0	7	11	12	12
13	Cosmos	12	2	6	4	9	12	12
14	Santos	11	2	5	4	8	11	11
15	Platinum Stars	11	2	5	4	8	12	11
16	Royal Zulu SK	11	2	3	6	11	15	9

REËLS vir die bogenoemde sokkertoernooi:

- Die kompetisie word op 'n rondomtaliebasis beslis, dws elke span speel teen al die spanne in die kompetisie. Daar word twee rondtes in 'n ligaformaat gespeel. Dit beteken dat elke span 30 wedstryde sal speel.
- Spanne kry:
 - 3 punte vir 'n wen
 - 1 punte vir 'n gelykopuitslag
 - geen punte vir 'n verloor
- Die span met die meeste punte, op enige stadium, sal voorloop in die kompetisie, of aan die einde van die twee rondtes die kompetisie wen.

- Indien twee spanne dieselfde aantal punte het, sal die span met die grootste **punteverskil** die hoër posisie op die punteleer inneem. Die punteverskil word bepaal deur die verskil in DOELE VIR en DOELE TEEN te bereken.
- Indien twee spanne dieselfde aantal punte het en hul punteverskil is dieselfde, sal hulle die trofee deel.

2.1 Die totale punte (**P**) in die onderstaande tabel is bereken deur gebruik te maak van die **W** en **G** waardes. Sam bestudeer die punteberekening deur eers te kyk na die spanne wat elk 12 wedstryde gespeel het:



W	7	6	5	5	5	3	2
G	3	1	4	4	3	5	6
P	24	19	19	19	18	14	12



- 2.1.1 Skryf (in woorde) 'n formule neer om die punte (**P**) te bereken deur gebruik te maak van die inligting in die **W** en **G** rye. (2)
- 2.1.2 Skryf nou 'n formule neer vir **P** in terme van **W** en **G**. Skryf dit in die vorm **P** = ... (1)
- 2.2 Gebruik nou jou formule, of enige ander metode, om die punte van 'n span te bereken indien hulle 9 wedstryde sou wen en 2 gelykop sou speel. (2)
- 2.3
- 2.3.1 Sam probeer uitwerk of Free State Stars na die bopunt van die puntestand sal opskuif indien hulle hul volgende wedstryd sou wen. Bespreek. (3)
- 2.3.2 In 'n bepaalde wedstryd tussen Kaizer Chiefs en Orlando Pirates, was die finale telling 3 – 2. Hoeveel moontlike tellings kon daar teen half tyd in hierdie wedstryd gewees het? (3)
- 2.4 Beskou die volgende wisselkoers:

$$1 \text{ VS Dollar} = \text{R}6,68$$

Indien elke sokkerspeler R10 000 per wedstryd betaal word, skakel hierdie bedrag om na Zimbabwe Dollar (Z\$) as:

$$\text{Z\$ } 30\,000 = 1 \text{ VS Dollar} \quad (3)$$



[14]

AKTIWITEIT 3**MISLEIDENDE INLIGTING****Individuele oefening****Aanbevole tyd: 15 minute**

Die volgende tabel het in die Desember 2007 uitgawe van die tydskrif *DESTINY* verskyn.

TV Program (Sepie)	Aantal kykers (in miljoen)
Generations	4,2
The Bold and the Beautiful	2,8
Muvhango	2,6
7de Laan	2,4
Days of Our Lives	2,9

Twee graad 9 leerders, Thando en John, het die inligting soos volg voorgestel.

Thando se Grafiek**John se Grafiek**


- 3.1 Is die twee grafieke GOEIE voorstellings van die data in die tabel?
 Lewer kommentaar op beide grafieke.
 (Dink jy een is beter as die ander een? Gee 'n rede.)

AKTIWITEIT 4 WAARSKYNLIKHEID


Individuele oefening

Aanbevole tyd: 15 minute

Elke speler van 'n sekere sokkerspan kry 4 truië om tydens oefeninge te dra: 'n rooie, 'n groene, 'n witte en 'n gele. Hulle kry ook elkeen 'n sak waarin die truië gehou moet word. 'n Speler sit sy hand in die sak (sonder om te kyk) en haal 'n trui uit. Hy sit **NIE** die trui terug nie. Hy sit weer sy hand in die sak en haal nog 'n trui uit. (weereens sonder om te kyk).



- 4.1 Voltooi die volgende boomdiagram om die moontlike uitkomstte aan te dui. ('n Afskrif is bygevoeg as **Aanhangsel E**):



(4)

- 4.2 Bepaal die waarskynlikheid dat 'n wit trui eerste en 'n groene tweede uitgehaal sal word.

(2)

- 4.3 Bepaal die waarskynlikheid dat 'n rooi en 'n gele trui in enige volgorde uitgehaal sal word.

(2)

- 4.4 Wat is die waarskynlikheid dat 'n gele trui en enige ander kleur trui in enige volgorde uitgehaal sal word?

(2)


[10]

Totaal: 150 punte

AANHANGSEL A

TAAK 1 AKTIWITEIT 2.1


(Skaaltekening)



AANHANGSEL B

TAAK 1 AKTIWITEIT 2.2


(Transformasies)



AANHANGSEL C

TAAK 2 AKTIWITEIT 2.4.4

(Reguitlyngrafiek)




AANHANGSEL D

TAAK 3 AKTIWITEIT 1.5



(Spreidingsdiagram)



AANHANGSEL E

TAAK 3

AKTIWITEIT 4.1



(Boomdiagram)

